# Die Byekorf

2017/05/03 Standerton Akademie



15/17

Geagte ouers

**Interne Redenaars: 4 Mei 2017**



Sterkte aan al ons graad 1 tot graad 7 leerlinge wat eerskomende Donderdag aan ons jaarlikse interne redenaars deelneem. Neem kennis dat die skool vir alle leerlinge om 13:00 sluit, daar sal dus geen sportoefening of enige nasorg wees as gevolg van hierdie byeenkoms. Die redenaars begin amptelik om 13:45. Ouers u word weereens uitgenooi om die leerlinge te kom ondersteun. Die graad 1 – 3 leerlinge neem deel in mev. Draper se klas en die graad 4 – 7 leerlinge neem deel in die saal.

**Leierskamp en veldskool**

Baie dankie aan mnr. Aldo en juffrou Marilize wat die graad 6 en 7 leerlinge vergesel het na Kwasinungu. Ons glo en vertrou dat hierdie kamp vir ons leerlinge van groot waarde was.

**Akademie**

Ouers, help asseblief deur seker te maak dat u die eksamenrooster op die D6 ontvang het. Alle afbakeninge vir die onderskeie vakke sal u eersdaags bereik. Leerlinge moet reeds nou op 'n daaglikse basis begin voorberei vir die eksamen. Ons weet dat die kinders 'n besige program het, en daarom mag die akademie nie agterweë gelaat word nie.

**Perdry**



Baie geluk aan FJ en Danje met hul mooi prestasies tydens die afgelope week se SA kampioenskappe te Bloemfontein.
FJ behaal 'n derde plek en Danje 'n agtste plek.

**Prego-Roll verkope**

U word herinner aan die Prego-Roll verkope wat plaasvind op Woensdag 10 Mei by die skool. Leerlinge ontvang vandag bestelvorms. U kan gerus die skool ondersteun deur 'n prego-roll teen R25 per roll te koop. Bestellings sluit Vrydag 5 Mei 2017.

**Beyerskloof Wynproe-aand 9 Junie 2017**



Kaartjies vir hierdie spogfunksie wat deur ons skool aangebied word is nou beskikbaar teen R300.00 per persoon wat 'n ete insluit. Die funksie vind plaas by die Standerton Gholfklub om 18:00.

**Karate**

Baie geluk aan Jean-Roux Flack wat tydens die afgelope naweek se karate kampioenskap te Tongaat 'n goue medalje verwerf het.

**Saamrygeleenthede**

Alle rugby en netbal ouers, neem asseblief kennis dat die oefening weens omstandighede buite ons beheer vanaf 6 Mei verskuif is na 12:00 op Vrydag 5 Mei. Jammer vir die ontwrigting.
U moet asseblief dienooreenkomstig u reëlings tref.

**Voorstelle, klagtes en insette houer**

U word herinner dat die houer weer oop is vir enige voorstelle hierdie kwartaal. U kan u bydraes lewer tot en met 13 Mei wanneer die houer sluit. ‘n Ouerinligtingsaand vind dan plaas op 17 Mei waar die onderskeie portefeuljevoorsitters u die geleentheid sal gee om hierdie voorstelle te bespreek.

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 3 tot 9 Mei verjaar. Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 3 Mei : Carel van der Merwe<br>8 Mei : Jovahanne van der Merwe<br>9 Mei : Reinhardt Fischer-Gerber | |

**Belangrike datums ( Volledige lys datums by kalender op D6)**

GROETE

S. Swanepoel